NAMIBIA SIM NEWSLETTTER

PERSONALIA

Congratulations to Dr. Kaire Mbuende who was appointed as Namibia's ambassador to Belgium and the European Union. We wish Dr Mbuende all the best for his new posting and honor him for representing our country. It is indeed a great responsibility entrusted to you

Ons wil ook graag ons medelye betoon aan die Kaiser familie met die afsterwe van Helga Kaiser.

OORDRAGTE

Telers is verantwoordelik vir oordragte wanneer hulle diere verkoop, ook op openbare veilings bly dit die teler se verantwoordelikheid . Oordragte is belangrik omdat kopers promosie materiaal van die genootskap ontvang en op die klientelys geplaas word.

Telers moet die RSA kantoor in kennis stel van verkope en koperbesonderhede . Die RSA kantoor stuur dan die oordragte per epos aan die Namibiese kantoor wat die sertifikate uitpos aan nuwe eienaars .

KEURINGS

Tegniese Adviseurs word aangewys om keurings by telers te doen en die program roteer elke twee jaar . Hierdie keurbesoek is verniet en behoort die belangrikste datum vir elke teler te wees. Die besoek sluit in keuring van diere , professionele kudde advies en bespreking van verskeie verslae en navrae .Telers moet die voorgestelde program eerbiedig en nie van die program afwyk nie. Indien die keuring u nie pas met aanvaarbare redes nie moet vroegtydig die kantoor en TA in kennis gestel word . Spesiale keurings, TA besoek buite die bepaalde reisprogram , kan ook aangevra word maar is dan op die teler se koste. Dit is onaanvaarbar as telers keurbesoeke op kort kennisgewing kanseleer, dit veroorsaak baie dat die Tegniese Adviseur onnodige kilometers gery het en tyd verloor.

Ons beveel aan om veral manlike diere eers op 24 maande ouderdom vir keuring voor te stel . Met ander woorde net voor hulle bemark word , so kan die potensiaal van die dier baie beter bepaal word.

ALGEMENE JAARVERGADERING 2016

Die Algemen Jaarvergadering word gehou op 7 April 2016 te Windhoek om 10h00. N program vir die dag sal nog aan telers voorsien word.

REPRODUCTION & LEVY LISTS

Reproduction report were emailed to every breeder on 22nd September. These reports entail cows open for more than 2 years and heifers not calved within 39 months . Animals in these lists were canceled unless breeders supplied necessary calving information . Levy lists went out on 17th November and are due to be submitted to the office not later than 1th February 2016.

SKANDERINGS

Telers wat aan die skanderingsprogram deelneem moet onthou dat die sluitingsdatum vir deelname is 31 Januarie 2016. Gee asb die getal diere deur aan die Windhoek kantoor (simnamibia@gmail.com) wat u 2016 wil laat skandeer

BETALING VAN REKENINGS

Die Raad wil graag telers bedank vir die goeie samewerking wat ontvang is ter betaling van die rekenings aan die Namibiese kantoor. Alle betalings is ontvang en dit vergemaklik die werk van die kantoor en die Raad.

SIMXTRAVAGANZA VEILING

Die SimXtravaganza veiling word aangebied op, Donderdag 20 Oktober 2016 om 17h00 by die Agra veilingskrale te Windhoek.

Tabel: Opsomming van die veilingsverkope van 2015

Tot	Verk	Nie Verk	Gesl	Ras	Gem Prys	Laagste prys	Hoogste Prys
7	2	5	Bul	Simbra	24 000	0	28 000
24	9	15	Bul	Simmt	30 444	15 000	51 000

31 Kommersiele Simmentaler en Simbra verse is verkoop vir N$ 7081.00

Die Simmentaler en Simbra Genootskap van Namibie wens alle telers n voorspoedige Nuwejaar 2016 toe.

$$$

NAMIBIA SIM NEWSLETTTER